



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 264

3 Augustus 2009

TOULEIER

Familiename: Klas of Las?



Ek skop die week af met so twee klein stukkie effe slegte nuus. Ogusmaand het weer te veel Maandae, gevolglik gaan die *Kammanuus* een moet oorslaan, aankomende 17de. Dus sal jou k'rantjie eers weer die 24ste deser opdaag.

Dis nou as onse nuusbrieffimmerman in Slaapstad nie ook intussen onder die mes kom nie. Hom hande word verdink van karpale tonneldroom, en die slim manne wil sny en regmaak. Sonder daai hande wat vir ons die nuuskos voorberei, sal dit beteken ons almal sal maar moet wag tot hy weer kan pap eet en tik. Hulle kan weke lank te pap wees om te tik. Die hele Kammland sal met 'n geweene en 'n gekners van tande in afwagting aan jou dink, ou Groot Uil!

Die Julie Breinboelie het lyk my somer 'n hele klomp mense uitgeboul. Daar was net drie mense wat dit kon regkry, teenoor oor die veertig die vorige maand. Die riepa het só gelui: Jy staan voor 'n vierkantige gebou. Sy voorkant wys Noord. Dis 9 uur die oggend. Die wind waai teen 10 knope uit die Ooste. Dit het aanvoelbaarheidsafkoeling van -11 grade Celsius. Aan watter kant van die gebou moet jy wees om die minste koud te kry?

Die antwoord kan jy onder die Agteros se stert gaan kyk.

Ons Kinderhuisfonds staan reeds op 'n stewige R4518! Baie dankie aan Anoniem wat R500 geskenk het. Jy kan maar gerus laat weet wie jy is.

Wat seg julle van familiename?

Bella is 'n Biellie van 'n Boklam. As ek nou rêrig wil skoor soek, moet ek dit loop en neurie in die huis. Vir die wat dit nie weet nie, my Kamermaatjie van die afgelope 30 jaar se naam is Annabelle.

Wat my bring by die week se onderwerp, naamlik familiename. Eer of sweer? Straf 'n mens nie jou kind as jy hom of haar swaar laai onder die voorgeslag se etikette nie?

Vat nou 'n naam soos Johanna Jacomina Bekker. Nooit word sy op een van daai name genoem nie, net by die doop of as jy haar by 'n nuwe skool aanmeld. Verder is sy somer net Nina. Hoekom dan nie somer uit die staanspoor net Nina nie? Of moet sy nou eers haarself vind en kyk wat die volks- en familiemond haar uiteindelik gaan noem ná die eerste paar jare se babaname soos Nientjies of Nonna? Bly ook nog steeds vir my 'n raaisel oor JJ, en hoekom dit meestal net manne is wie se voorletters as noemname gebruik word. Ek wou eers sê dis net vir die manne, maar onthou toe daai een Amerikaanse sepie West Wing, met Martin Sheen as president en 'n dame met die naam CJ. Sie Djy nou net, altyd die uitsondering op die reël. Soos PJ Powers.

Nogal interessant vir my is die Nordiese klomp se eertydse gewoonte waar die mense beide name en vanne verander het. Eric Gundarson was byvoorbeeld die seun van ene Gundar. Eric se eie seun Sven, se van sal dan wees Ericson (son of Eric). Kan 'n man lekker deurmekaar maak. Wat het hulle die dogters genoem?

Maar terug by ons eie name, hoekom is dit dat 'n naam wat pas vir beide geslagte, anders is in spelling, en hoekom dan die spesifieke spelling? Vat nou maar Nici en Niekie. Is dit omdat die "c" kwansuis 'sagter' en vroulik is, en die "k" vir meer manlike woorde soos knetter en knater ingespan word?

Wat dan van Katryn?

Effe taaier om te verwerk, is die name wat dieselfde gespel worre en dan anders uitgespreek word. Jean. Die een wat soos die klinknaelbroek klink is die meisie, en die Djaan-manier is soos ons Springbok-senter genoem word. En as dit Gene is, dra die man weer die jean.

Laaste maar nie minder skommel tjommel nie, is hierdie ge-van van naamgeëry. De Villiers Greeff of nog erger, Van Rheede van Oudtshoorn wat ook nog van Oudtshoorn afkomstig is.

Skryf bietjie vir my oor familiename en gee jou mening. Klas of las?

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Uitspattig

GETROU aan die nuwe regime se uitspattighede het Zuma pas R900 000 aan ingevoerde toilette en wasbakke bestee. Eintlik is dit nie so uitspattig nie – die man moet seker baie gereeld stort, en elkeen van sy vroue wil seker haar eie badkamer hê?

► **En ons moet seker ook onthou die meeste politici is propvol str-t.**

❖ Tata, Tito!

NOU gaan miesies Gill Marcus haar naam op die banknote teken, want Tito Mboweni het bedank/is gesê om sy ry te kry.

Koddige ou, Tito – amper net so groot soos sy ego. Hy het mos destyds gekla toe koerante hom in opskrifte Tito genoem het omdat dit soms makliker in 'n opskrif pas as Mboweni. En daar was 'n tyd toe hy alle foto's van homself wou keur.

Maar Roelfie het ook 'n aangename herinnering van hom: Die keer toe sy ampsge-noot van Zimbaapwe aan hom vertel dat hulle mielies van Duskantland gaan koop. Seg Tito vir hom: "Nè? Julle skop die wit boere van hul plase af, en dan kom koop julle mielies by óns wit boere?"

► **Deesdae vermoor hulle sommer net die boere sonder om hul mielies te vat.**

❖ Afrikaners is oukei!

EN so drie jaar gelede het onse Tito hierdie waarheid kwytgeraak. Roelfie het dit in sy swart kas met die baie laaie vir die regte tyd gebêre:

"I have sought to recruit many competent black people, and no sooner have we recruited and trained them than they leave. I get so upset I am stopping this recruitment of black people. I am okay with my Afrikaners. They stay and do the work, and become experts."

► **Roelfie dink nie dinge het daarna baie verander nie.**

❖ Een plooi op die ander

HOE ruk jy 'n distriksmunisipaliteit se sake reg? Jy stel 'n rampokker as administrateur aan. Dis wat in Noordwes met Lichtenburg, Ottoshoop en Mafikeng gebeur het in 'n munisipaliteit wat deurtrek is van bedrog, wanbestuur en korrupsie. Mojalefa Matlole gaan nou die regrukwerk doen, al het hy in Mei in die hooggeregshof verskyn op onder meer twee klagtes van rampokkery wat verband hou met geldsake. Daar skort glo niks met so 'n aanstelling nie, want hy is "onskuldig tot hy skuldig bewys word."

► **En wees verseker: As hy dálk eendag skuldig bevind word, sal die ANC hom nie afdank nie. Nee, hy sal maar net weer elders "herontplooi" word.**

❖ Riool-riviere

'N JOERNALIS het 'n onderhoud gevoer met Jesse Duarte – die ANC se segsvrou, en die een wat 'n verskoning van prof. Jonathan Jansen eis omdat hy gesê het die nuwe minister van onderwys is "lui en onbevoeg".

Seg sy: "In die Oos-Kaap is hulle baie ernstig oor watervoorsiening, en ons is baie beïndruk."

Beïndruk met wat? Dat al die riviere in daardie provinsie duisende kere meer riool in het as die internasionale standaard? Water wat hulle waar gaan kry?

► **En op dieselfde dag is daar 'n berig – in dieselfde koerant – dat agt kinders in dié provinsie gesterf het nadat hulle FONTEINWATER gedrink het . . .**

❖ Raad met stakers

IEMAND het in 'n SMS in 'n koerant raad gegee hoe die geweld en vernielug wat met stakings gepaard gaan, gestop kan word: "Gebruik regte koeëls."

► **Roelfie dink 'n seekoeisambok sal beter werk. Minder bloed.**

❖ Resessie se voordeel

DIE resessie het darem ook baie mense weer op hul voete gesit. Die bank het hul karre teruggeneem, en nou stap hulle weer.

► **Tog jammer dit geld nie vir die horde nuwe ministers met hul peperduur karre nie.**

“ Ons het nie ge-steel nie. Ons het net protes aangeteken. Om kos uit winkels te neem is 'n manier om vir die regering te toon dat werklose mense honger is. ”

-- 'n Vakbond se woordvoerder nadat 94 mense twee winkels in Durban geplunder het.

Allegaartjie



Skoolbus in Japan



Skoolbus in Pakistan

SEKS

Vrou: "Seks! Seks! Seks! Dis al waaroor jy praat! Praat 'n slag oor die weer!"

Man: "Oukei – wanneer doen ons dit WEER?"

Woordeboek vir advertensies van vroue wat maats soek

In die 40's	49
Avontuurlik	Baie rondgeslaap
Atleties	Geen borste
Gemiddeld	Baie lelik
Aansteeklike glimlag	Gebruik pille
Emosioneel stabiel	Op medikasie
Feminis	Vet
Vrye gees	Dwelmslaaf
Prettige persoon	Irriterend
New age	Liggaamshare op verkeerde plekke
Oop gemoed	Desperaat
Uitgaande persoon	Luiddrugtig
Gevoelvol	Sloppie dronklap
Professioneel	Teef
Wellustig	Baie vet

DIE BOESMAN SE ONSE VADER



" Onse Vader wat doer
êrns vêr bo in die bloulug is, diese warm
dag wil ikke op myse kniege tot U kom
bid: Lat U se koningskap tog by ons kom,
en lat U se grootheid hier tissen ons
staan gemaak kan worre, en lat U se wil
gebeure doer bo by U rond, net so
gebeure hier by ons Boesm'land se grond.
Gee ons vandag onse tjai - impie kos
en vergewe ons, onse sondige gemors,
sos ons die ander minse sin vergeef.
Here lat die kwaad doen goeterse wye
draaie om ons loop en gee tog samblief
Here lat die duwel nie naby kom nie.
Die minse doen sulke lelike goerters
teen my, maar help tog samblief dat ik
dit nie sal raak sien nie, dan sal U mos
ok nie myne raak sien nie. U is vir altyd
en vir altyd. Amene my groot KROON.

Geskryf deur P.J. van den Hoefer. Banniovale. Bestel by Tel: 0236163310.



VIR MY BOETA

Twee seuntjies het by die apteek ingestap, 'n boks tampons opgetel en na die kassier geneem.

Die man agter die kasregister vra die oudste seuntjie: "Seun, hoe oud is jy?"

"Agt," antwoord hy.

Die kassier vra toe of hy weet wat hy gekoop het.

"Nie juis nie," antwoord hy, "maar dis nie vir my nie. Dis vir hom. Hy's my boetie. Hy is vier. Ons het op die TV gesien as jy hierdie goed gebruik, kan jy swem en fietsry. My boetie kan nie een van die twee doen nie."

Die goeie ding van humor is dat niemand vir jou lag as die grap nie werk nie.

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

George F. Shaw, die oorlog en die nonnatjie

Hierdie is die verhaal van George F. Shaw. En moet hom nie verwar met die storie van George B. Shaw nie.

Ek het sy storie die eerste keer een afval-aand aan tafel by Ernst en Dorette Penzhorn gehoor. Toe ek nou die dag op Ventersdorp 'n draai gaan maak, vertel Danie Yssel, oud-LPR vir daardie geweste, my weer die storie.

George Shaw was een van die manne wat destyds die poskoets op sy pad tussen Kimberley en Pretoria moes help beveilig. So met die heen-en-weer se koets oppas, ontmoet hy 'n boerenooi met die naam Martha Engelbrecht daar in Ventersdorp se omgewing. Hy Steve-Hofmeyr haar toe in die dae toe so iets net nie gedoen is nie. Veral nie tussen 'n Boeremeisie en 'n Ierse Rooms-Katolieke nie.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog kry die Ierse bloed in George Shaw se are die oorhand. Hy sluit by die Engelse aan. Nie sodanig uit oortuiging nie, maar meer om te verhoed dat hy dalk die hele oorlog misloop.

George Shaw, wie se kind by Martha Engelbrecht op Oukersaand in 1899 gebore is, het heerlik saam baklei totdat lord Kitchener met sy verskroeiende aarde-beleid gekom het. George en sy makkers in die 1st Loyal North Lancashire Regiment word beveel om die Boereplase in die omgewing van Ventersdorp af te brand.

Hy besef dadelik dat een van die plase wat hy moet gaan help afbrand, die plaas is waarop Martha Engelbrecht en sy babaseun bly.

"Is dit werklik nodig?" smeeke-vra hy sy offisier.

"Man, as jy só oor sake voel, hoekom gaan sluit jy nie by die Boere aan nie?" word die antwoord hom toegesnou.

En net daar klim George Shaw op sy perd en jaag die sonsondergang in na die kommando van genl. Koos de la Rey. So 'n maand later word hy egter saam met die klompie Boere by Wolmaranstad deur die Britse magte vasgetrap. Sy manier van optree was so duidelik dié van 'n Britse soldaat dat die Engelse hom dadelik as een van hul eie herken het.

Toe was dit krygsraad toe met hom. Hier is die hele boek teen sy kop gegooi. Hy is onder meere van dros en hoogverraad aangekla en skuldig bevind. Met die goedkeuring van lord Kitchener is hy deur 'n vuurpeloton gefusilleer.

George Shaw is in die begraafplaas by Ventersdorp begrawe. Nie saam met sy eertydse Engelse makkers nie, maar so eenkant teen die muur van die begraafplaas.

Vir dekades was daar elke dag vars blomme op die graf.

Iemand vra eendag vir die swart man wat die laaste rusplek van sovele netjies hou waar die blomme vandaan kom.

"Daar's 'n nonnatjie," kom die antwoord, "'n nonnatjie in wit klere wat elke aand hier by die graf kom kniel. Dis sy wat die blomme daar los."

AMMUNISIE in die oorlog

Met die uitbreek van die oorlog het die Boeremagte oor sowat 50 miljoen patrone en 100 000 gewere beskik, hoofsaaklik Mausers (trafstand 4000 meter) en die res Martini-Henry's (1800 meter).

Die Mauser het rooklose kruit geskiet – wat 'n groot voordeel was bo die Tommies se Lee-Metfords – en kon met vyf patrone op 'n keer gelaai word.

Die hewige gevegte by Magersfontein, Colenso en Stormberg het die Boere se voorrade baie uitgeput, en hulle het toenemend van Britse patrone en gewere afhanklik geword.

Die Boere se grootste buit was toe genl. Christiaan de Wet die Britte in Junie 1900 by Roodewal verslaan het. Aan die einde van die oorlog was sowat nege uit elke tien Boere met Britse gewere bewapen.



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com



BLONDIE

Twee mans en 'n blondine sit in die kroeg, en plaas hul bestellings.

Eerste man: "Johnnie Walker, enkel."

Tweede man: "Jack Daniels, enkel."

Die kroegman vra die blondine wat sy wil hê.

Blondine: "Katryn van der Merwe, geskei."

BESTELLING

'n Man stap met sy leeu aan 'n leiband by die kroeg in.

"Bedien julle politici hier?" vra hy.

"Alte seker," sê die kroegman.

"Nou bring dan vir my 'n dubbel brandewyn, en 'n politikus vir my leeu."

KENISGEWINGS

Spreekkamer in Rome:

Spesialis in vroue en ander kwale.

Restaurant in Nairobi:

Gaste wat dink ons kelnerinne is ongeskik, moet die bestuurder sien.

Lughawe in Kopenhagen:

Ons vat jou tasse en stuur hulle in alle rigtings.

Wassery in Rome:

Dames, los jul klere hier en geniet die middag.

BANKROOF

'n Bankrower stoot 'n nota en 'n plastieksak vir die teller. Op die nota staan: "Maak die sak vol note, of ek skiet."

Die teller het die nota gelees, na die rower gekyk, haar pen geneem, iets by die nota gevoeg en dit teruggestoot na die rower. Op die nota staan toe: "Kam jou hare en staan regop. Jy is op kamera."

HONDEKOS

Nou die dag gaan koop ek 'n sak EPOL-hondekos by Pick n Pay. Terwyl ek so in die ry staan, vra 'n vrou agter my of ek 'n hond het.

Sommer aspris sê ek vir haar: "Nee, ek het nie 'n hond nie. Ek begin weer met die Epol-dieët." Ek sien sy kyk my so snaaks aan, maar ek gaan aan:

"Eintlik weet ek dat ek nie weer op die dieët moet gaan nie, want laaskeer het ek in die hospitaal beland. Ek het in die intensiewe eenheid wakker geword met pype wat uit elke gaatjie in my lyf kom. Maar ek het 22 kg verloor en dit was die moeite werd."

Ek vertel haar dat die Epol-dieët eintlik al die vitamines en minerale bevat wat 'n mens nodig het. En dis so maklik! Al wat jy doen, is om jou broeksakke vol te maak met Epol-pille, en jy eet een of twee wanneer jy ook al honger voel.

Teen hierdie tyd luister al wat 'n persoon is na my storie, veral die ou wat agter die vrou in die ry staan.

Heel geskok vra die vrou my toe of ek in die hospitaal beland het van voedselvergiftiging.

Ek antwoord toe: "Nee, ek het in die straat my privaatdele gesit en lek toe 'n kar my raakry!"

Ek dog die ou agter haar kry 'n hartaanval, so lag hy.

Simpel vrou - vir wie het sy gedink koop ek die hondekos?

PEANUTS deur Charles Schulz



Ek dink gewoonlik nie eers daaraan nie



Maar elke nou en dan pla dit my tog



My soort eet nooit uit porselein nie



RUGBY

se byname kom van ver af



Bakkies Botha

Mary Jackson se regte name was Dirk Cloete Jackson, maar toe doen sy ma mos iets snaaks . . .

TOE Os du Rand ná die Wêreldbeker-rugbytoernooi groet, het net Bakkies en Butch met egte byname in die Bok-span oorgebly.

Ons praat nou van Pieter du Randt, John Botha en Andrew James. Byname in Suid-Afrikaanse rugby is eg soos melktert, biltong, koeksisters, pap en wors en hopelik sterf hulle nooit uit nie.

Net nadat Bakkies vir die Springbok-span gekies is, wou 'n koerantman 'n onderhoud met hom voer, en spreek hom as John aan. Die nuwe Bok-slot het hom effens vererg en gesê sy naam is Bakkies, nie John Philip nie. Wie sal nou met 'n man stry wie se hande groter as 'n bord is?

Ons Suid-Afrikaners is lief vir diere name. Dit is seker waar Koei Brink, Jakkals Keevy, Bees Roux, Turkey Shields, Haas Schoeman, Katmuis Conradie, Skilpad Eloff, Kat Smith, Apie Pretorius, Vlakhaas Claassen, Birdie Partridge, Ponie van der Westhuizen en Lammetjie Luyt vandaan kom.

Volgens Dok Craven se *Legends of Springbok Rugby* het Lammetjie die eerste duikaangee as skrumskakel op aanbeveling van Oubaas Markötter uitgevoer en was dit nie Dauncie Devine, Pally Truter of Champion Myburgh nie. Nog drie juwele wat byname betref.

Een van die legendes van Ligblou-rugby was Mof Myburgh. Nadat Mof reeds diep spore getrap het, het 'n jong haker by die Polisie-kollege opgedaag. Hy het op 'n druppel water soos Mof gelyk, net 'n kleiner weergawe. Hy is onmiddellik Moffie gedoopt en jare lank het Mof en Moffie die Klerk hul teenstanders gekarnuffel sonder dat iemand hulle oor hul byname uitgevra het.

Reeds in 1891 toe Suid-Afrika die eerste keer toetsrugby gespeel het, was daar spelers met byname. Fairy Heatlie, oftewel Barry Heatlie Heatlie (sy volle name) was volgens Oubaas Mark (volgens Dok se boek) een van die beste kapteins en veelsydige spelers wat Suid-Afrika opgelewer het.

Dan was daar Mary Jackson, wat in 1906 vir die Bokke gespeel het. Sy regte naam was Dirk Cloete Jackson, maar almal het hom as Mary Jackson geken. Hy was van Skotse afkoms en het sy bynaam reeds op skool gekry nadat sy ma daarop aandring het dat hy 'n Skotse rokkie (kilt) op die land se nasionale dag skool toe moes dra.

Ons hou ook van motors en onderdele, want waar anders sou Domkrag Erasmus, Piston van Wyk, Spanner Maartens, Motorbike Nortier en Ghriespomp van der Merwe vandaan gekom het?

Ander was weer lank, maer en taai soos Potlood Pinnock, Plastic de Meyer, Draadkar de Lange en Seilband Fourie.

Sommige het vrugte- en groentename gehad soos Patats Cloete, Pawpaw Scheepers, Ertjies Durrheim, Carrots Geraghty, Koffie Hofmeyr en Koffie van Staden. En wat van Dagga Engelbrecht en Pruimpie Botha?

Dan was daar dié met die onsensitiewe byname soos Boesman Wilkenson, Boy Louw en Kaffer Louw. Op skool was daar 'n "Kaffertjie Schoeman", maar op die onderwysers en ouers se aandrang mag ons hom nie op sy bynaam genoem het nie. Toe doop ons hom maar Pluraaltjie, na aanleiding van Piet Promises se destydse Departement van Plurale Sake.

Van die snaaksste byname hoort nie aldag in 'n gesinskoerant nie en ek wonder steeds waar Pompies Williams, Spyker Jacobs, Saag Jonker en Draad Olifant aan hulle name gekom het.

Dié manne het al menige rooi gesigte gelaat, veral toe Chick Henderson jare gelede in 'n SAUK-rugbyuitsending aan Hugh Bladen vra waar Rooibal Pretorius aan sy bynaam gekom het.

Daar was net 'n lang stilte.

NS: Ghriespomp van der Merwe had glo die aanwendsel om die palms van sy twee hande in mekaar te druk sodat dit 'n pomp geluid gemaak het.

Koei Brink (1906 Springbok) was Daniël Johannes. Hulle het op 'n klein hoes gebly, en dit was sy en sy broer se taak om saans die melkkoeie aan te keer.



Stories uit die stoomtyd

Aangebied deur WERNA MARITZ

Ek sal van jou 'n droster maak

Toe die stasiemeester die dag vir Jan Labuschagne met sy storieboek in die seinhuis vang, was hy diep in die moeilikheid. Die enigste boek wat jy op diens mag gelees het, was die regulasieboek. Dus het Lappies sy boek binne-in die regulasieboek versteek en lekker agteroor gesit toe die stasiemeester sy skielike verskyning voor hom maak.

"Wat lees jy daar?"

In 'n poging om die stasiemeester se aandag af te trek het Lappies woordeloos na die voorblad van die regulasieboek beduie. Die SM het daardie soort vingertaal egter duideliker as woorde verstaan. Hy het die boek uit Jan se hande gevat en *Die Drie Drosters* ontdek. Sy stywe vinger het soos 'n kompasnaald onder Jan se neus gebewe.

"As ek met jou klaar is maat, is daar **vier** drosters."

Die langste ses in krieket

Al gehoor van die krieketspeler wat die langste ses ooit geslaan het? John Wepener vertel dat dit gebeur het toe die ou Wanderers- krieketveld nog langs die Johannesburg-stasie geleë was.

In die loop van 'n wedstryd het 'n speler 'n ses geslaan waar die bal oor die toeskouers getrek en binne-in 'n passasierstrein geland wat op die punt gestaan het om Kaapstad toe te vertrek.

'n Paar dae later is die bal deur die Kaapstadse skoonmakers in die rytuig ontdek. Die kolwer het dadelik bekend geword vir die langste ses wat nog ooit in die geskiedenis van krieket geslaan is: al die pad tot binne-in Kaapstad.

Die bal is vir baie lank in die nuwe Wanderers ten toon gestel, maar daar word vermoed dat dit ook vernietig is in 'n brand wat daar uitbreek en ook die ou Curriebeker vir krieket en die hele geskiedenis van die spel vernietig het.

Oh, my hole!

Almal wat gedurende 1947 by die spoorweë begin werk het, moes 'n tweetaligheidstoets aflê. Die hoër poste se toetse was streng, terwyl dié vir die laer grade darem meer tegemoetkomend was.

In een van die klasse het die eksamen beamppte vir die student gevra om vir hom 'n sin te maak met "hole".

Sonder aarseling het hy geantwoord:

"Sir, I can sit on my hole."

Die beamppte was met hierdie antwoord vir 'n oomblik uit die veld geslaan, maar sê toe vinnig:

"OK, you may now sit on your hole!"

Splinter-kop

'n Kondukteur, vertel oom Hendrik Saayman, het van agter na die lokomotief toe gestap om die kennisgewing aan die drywer te gaan oorhandig. Ná ontvangs daarvan het die drywer in die koelte van die tender op die ballasklippe gaan sit. Die stasiemeester het later by hom aangesluit en vir 'n mes gevra.

"What do you want to do with it?"

"There is a splinter under my nail and I want to remove it."

Die drywer was verbaas.

"But why are you scratching your head so much, man?"



"Wat kan meer absurd wees as die gedagte dat stoomlokomotiewe eendag twee keer vinniger as perdekarre sal ry?"

The Quarterly Review (Engeland, Maart 1825)



So 'n bietjie PITKOS

SA se gom was op die maan

Suid-Afrika is skaars 'n sandkorrel in ons sterrestelsel, maar iets klewerigs van hier het 40 jaar gelede die 380 000 km na die maan afgelê: Pratley Putty-gom.

Dié kleefmiddel, 'n uitvindsel van die Johannesburgse ingenieur mnr. George Pratley, is gebruik om dele van die Apollo 11-ekspedisie se landingstuig aanmekaar te hou.

Dit was die enigste Suid-Afrikaanse uitvinding wat saam maan toe is. Neil Armstrong was op 20 Julie 1969, die eerste mens wat op die maan geloop het.

Pratley het die gom in die 1960's ontwikkel. Onder meer het hy dit gebruik om dele van 'n robot genaamd Humphrey, wat hy uit afvalmetaal gebou het, aanmekaar vas te gom, het mnr. Mark Bell, die Pratley-groep se verkoopsbestuurder, vertel.

Die oorspronklike hoëkrag-Pratley wat vir die Apollo-sending se tuig gebruik is, word vandag nog gebruik, van die Midde-Ooste tot in die VSA.

Dié gom is besonder sterk en word gebruik in onder meer swembadseëlwerk omdat dit ook onder water heg, het Bell gesê. Hout en metaal kan ook daarmee vasgegom word, en dit is al gebruik om 'n kraak in San Francisco se Golden Gate-brug te stop.

Pratley het sy maatskappy in 1948 gestig. Hy is in 1983 oorlede. Vandag voer die Pratley-groep, wat van Krugersdorp sake doen, 800 produkte wêreldwyd uit, waaronder 300 van Pratley se patente.

Ongelowige Thomasse

DIE Amerikaners is berug vir hul samesweringsteorieë, en hulle het wêreldwyd 'n aanhang verwerf vir die teorie dat die maanlanding in 'n ateljee opgevoer is.

"Hoekom waai die vlaggie op die maan as daar geen atmosfeer is nie?" is een van hul kernargumente.

Elementêr, liewe Watsons: Die vlaggie had 'n stafie wat met 'n veer uitgeskiet is, en dié beweging het hom vir 'n paar sekondes laat "wapper" (soos duidelik op die video te sien is). As dit nie vir die stafie was nie, so hy pap en bewegingloos regaf aan sy stok gehang het – want daar is mos tereg nie wind of 'n atmosfeer nie!

Een van die ander bewyse is geleë in Armstrong en Aldrin se skaduwees: hulle is pikgietswart. Op aarde (ook in ateljees!) kan 'n mens nog altyd iets binne-in jou skaduwee se buitelyne uitmaak – selfs in die nag.

Loop kyk gerus self!



YSLIKE MISVERSTAND

'n Man strompel by die hospitaal in met harsingskudding, verskeie kneuswonde, twee blou oë en 'n vyfyster netjies om sy keel gevou.

Natuurlik wil die dokter weet wat gebeur het. "Wel," sê die man, "ek en my vrou het gholf gespeel, en ons albei het ons houe skeef getrek tussen 'n klomp weiende koeie in. Terwyl ons na ons balle soek, sien ek een van die koeie het iets wits in haar agterent.

"Ek het nader gestap, har stert gelig en jou wrintie, daar sit my vrou se gholfbal netjies ingeplant!

"Terwyl ek steeds die koeie se stert in die lug hou, het ek vir my vrou geskree: 'Haai, dit lyk nes jounel!'"

"Ek onthou nie veel van wat daarna gebeur het nie . . ."

MAKLIKE WISKUNDE

Jy moet hierdie sommetjie in jou kop doen – sonder die hulp van 'n pen, papier of 'n sakrekenaar:

Begin met 1000 en tel 40 by. Tel nog 1000 by. Tel 30 by. Tel nog 1000 by. Tel 20 by. Tel nou nog 1000 by. Tel dan 10 by.

Wat is jou antwoord?

Kyk agteraan AGTEROS hoe slim jy is!



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Koejawels het baie gebruike

Aangesien ek in die vorige *Kammanuus* genoem het watter groente en vrugte in seisoen is, vir Augustus moet jul veral onthou dat koejawels ook die wintermaande kan opkikker.

Dis is heerlik as gestoofde nagereg, of jy kan dit selfs in potjiekos voeg vir ekstra geur en heilsaamheid. Haal die pitte uit en gebruik slegs die vlees van die vrug. Dit is vol Vitamien C, A en B1 asook baie yster. Vars of gaar, dit bly 'n wenner.

Onthou ook om die seisoen se laaste tamatiepruime (perssimons) en stervrugte te geniet.

Daar is ook steeds super-gesonde groente soos brokkoli en blomkool beskikbaar, en somer netso in die oond met bietjie olyfolie, suurlemoensap en swart peper bly dit as bykos saam met 'n wintersdagbraai 'n heerlikheid wat nie te versmaai kan word nie.

En om jouself 'n goeie dosis sink te gee, veral diegene wat bevoorreg is om kuslangs te woon: Augustus is die regte tyd om 'n hele lekkerte van oesters, mossels, alikreukels en perlemoen te kan eet.

Tamaties se gebruike

Verder is daar deesdae tamaties vars in seisoen dwarsdeur die jaar, so as jul kan, plant somer jul eie verskillende variëteite aan dan het jy jou eie tamaties elke dag van die jaar. Vir ons vensterbanke, balkonne of in kleiner sonryke spasies, kry ons die kersietamaties deesdae in rooi, geel en oranje. Gebraaide heel kersietamaties lyk en is altyd heerlik met ontbyt of 'n middagnoonmaal.

Die klein pruimtamatie is kleiner as die kersietamatie, hulle is soet, ovaalvormig en ook perfek vir netso eet.

Albei is heerlik heel, as deel van 'n sosatie of gesny in 'n slaai. Gerooster saam met pastadisse en saam met kaas op broodjies sal kinders vra vir meer. Stoor dit buite op die kas i.p.v. in die yskas vir beter geur.

Waarsonder kan jou kombuis nie wees nie?

Ek dink nou die dag dat ons deesdae al te veel "gadgets" in ons kombuise het en gebruik, maar ken ons ooit al die Afrikaanse name daarvoor? En wat is werklik ononderhandelbaar?

Handversappers, verpulpers, deegsnyers, deegdruckers en draaiers, ontpitters en appel ontkernlepels, metaallemme, teflon, kolwyntjie-panne, teflon-handskoene, handuie-kappers, kruiekappers en skyfielemme om maar net 'n paar op te noem. Wel, laat hoor gerus van julle en vertel waarsonder julle nie kan funksioneer nie, ek wil graag hoor!

(Om jou eie navrae aan te stuur, gaan na : www.onsdorp.com en klik op SO MAAK MENS!)

Wat maak 'n mens tog sonder 'n WHISK, of moet ek vra HOE maak mens witsous daarsonder!

En wat is 'n kombuis sonder 'n skêr!

Spuit joune met kleefwerende middel as jy weer malvalekkers vir 'n tert wil snipper. Dit help baie. Hou dit skerp deur soms die kante van 'n piering te "knip".

Sitrus-sap is veeldoelig

My gunsteling "gadget" vir hierdie tyd van die jaar bly beslis die lemoen-uitdrukker, die gewone hand model, kompak, lig en veeldoelig en altyd binne bereik. En wat is lekkerder as juis 'n uitgedrukte glas vars lemoensap?

En wat van vars suurlemoensap vir jou tee of oor avokado, of gestoomde vis of gemengde groente?

En onthou ook dat suurlemoensap, aangesmeer aan 'n roeskol op materiaal wat daarna in die son geplaas word, die roesmerke sal laat verdwyn.

En op 'n reënerige dag kan die kinders vermaak word deur hulle met suurlemoensap te laat verf of skryf op wit papier, dit te laat droog word, en daarna stryk hulle daaroor en siedaar - hul prent of geheime kodeskrif word onthul!

Ai! Waar's die dae wat ons nog "bende - bende" gespeel het?

Die dae toe ons tydskrifte nog Patrys, Tina en Bollie geheet het . . .

En op hierdie nostalgiese noot groet ek julle eers weer.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

ACKERMAN (N)

dackmann@iafrica.com

My navorsing is oorwegend oor die afstammeling van Christian Ackermann van Duitsland, maar ek het heelwat inligting oor die ander Ackerman(n)-families.

COETSEE

jan.coetsee@gmail.com

Stamnaam: Jan Hendrik. Sterkstroom, later Fordsburg, toe Brixton en sedert vroeg-40's in Linden. Seun Jan Hendrik gebore 1913 en met Jacoba, Johanna Buys getroud. Ek is na Oupa C vermoem (1942), en my vader na sy oupa wat iewers in die Vrystaat geboer het (Koppies?)

Ek het in Vereniging gematrikuleer, later in Johannesburg in die uitsaaiwese en reklamebedryf gewerk voordat ek vir eie rekening in die buitebandebedryf beland het. Het een seun, Jan-Hendrik (1974), wat as oogkundige in Engeland praktiseer. Ek woon sedert 1997 in Auckland, Nieu-Seeland.

Stoffel en Lewies Coetsee (neefs van my Oupa Jan H) het in die laat 30's na Argentinië verhuis. Stoffel het na SA teruggekom en met Thyza getroud. Beide is oorlede en het een aangenome seun Daniel Jakobus gehad. Ek sal graag met ander lede van hierdie familievertakking kennis maak.

COETZEE

hennie.coetzee@yahoo.com

Gebore 7/9/36, seun van Hendrik Tjaart Jacobus Coetzee en Hester Francina van Tonder.

ELS

gert@seedmarketing.co.za

Soek familiewapen en oorsprong van Else in SA. My oupa was Gert Jeremiah Daniel Els - indien iemand iets weet van my voorvaders.

HUMAN

stephany@ukwazi.com

My oupagrootjie was George Christian, ek is op soek na die res van die familielyn sover terug as moontlik.

JANSEN VAN VUUREN

vickyjv@hotmail.com

My pa is Pieter willem Jansen van Vuuren en my moeder Maria Petronella Susanna van den Heever. Ons is 4 susters: Catharina Elizabeth (Karien), Anna Christina (Christelle) Maria Petronella (Ronel) en ek is Vicky. My pa se ma was Anna Jansen van Vuuren, maar ek het geen idee wat my oupa se naam was nie. My ma se ma was Molly van den Heever.

KLEYNHANS

jank@cf.co.za

Soek meer inligting oor Kleynhans-familie. Carel Rudolph Kleynhans was vermoedelik die stamnaam. Het huweliksertifikaat van Carel Rudolf en Elsie Cesilia Smit (1871) op die plaas Bbeestkraal Klipkraal Kroonstad/Bothaville.

KRUGER

adele.joubert1@gmail.com

Oupa aan vaderskant: Andries Johannes Kruger geb 26-09-1910, oorl Januarie 1984. Hy ws getroud met Cornelia (tweede naam onbekend) nooiensvan Muller as ek reg onthou. Sy is oorlede in die 1970's. Hulle het 6 kinders gehad waarvan een as baba oorlede is. Ben Kruger oorl 2009, Nellie Kruger, Andries Johannes Kruger (my pa) geb 21.02.1945 oorl 21.12.1999, Gert Kruger oorlede in 1982, Dirk Kruger. Het iemand dalk vir my meer inligting oor my oupa en oma en hulle stambome?

SMIT

gjel.roodt@sasol.com

Daniel Willem Jacobus Smit (ma se kant) en Abraham Smit (pa se kant). Ook familie van pres. Paul Kruger aan pa se ma se kant.

TALJAARDT

jjtaljaardt@gmail.com

jjtaljaardt@enslinsfrankfort.co.za

Almal wat TaljaarDT is kan my kontak. Kontak my asb. as u GILLIOMEE, KRIEK of dalk VERWEY of SCHOLTZ is. Dankie. Hannes. 082 575 1584

Waar begin sy soek? Wie gaan haar help?

VAN STADEN

linette.white@dst.gov.za

Wil graag ons stamboomregister begin, en dit is 'n helse werk. Weet nie waar om te begin, so groot is hierdie taak. Enige iemand wat my kan help oor waar ek rêrig begin soek?



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers
aan die woord

Ons swéét in Vancouver!

Elsa McElvoy, Kanada:

Ek woon naby Vancouver, BC Kanada. Ons somers is nat en matig. Ons winters is baie nat en matig. Maar verlede winter het ons les opgesê met baie kapok en koue dae.

En hierdie somer? Wel, die kraaie gaap nie - hulle het skoon gevlug. Ons het nou net drie rekord warm dae gehad - rekord te alle tye. Dit is ook een van die langste warm en droë somers wat ons gesien het. En daar is nog 'n hele maand voor wat die rekords verder kan laat spat.

Ek weet daar is warmer plekke op die aardbol, maar ek ken net my hoekie. Kanada is behep met weer. Elke nuusprogram begin en eindig met weer. Of te koud, of te warm; of te droog, of te nat; nie genoeg kapok nie, of te veel.

Nou vertel hulle nie net vir ons wat die temperatuur is nie - hulle het die ding met die naam 'humidex'. Dit is hoe warm dit VOEL met die bedompigheid en die temperatuur saam. Dis asof hulle ons nog slegter wil laat voel as wat die hitte reeds doen. In die res van Kanada het die mense lugreëling. Maar ons aan die weskus dink mos nie aan sulke goed nie. Dit is mos matig hier. En nou? Ek ry maar rond in my kar - dit is vyftien grade koeler as my huis.

Die polisie (RCMP) se ons moet ons vensters toe maak en die deure sluit want in hierdie weer soek die skelms oop deure om in te 'breek'. Nou dink ek - as ek alles oop los en op my stoep slaap, sal iemand DALK my huis beroof. Daar is 'n uiters geringe kans dat iemand my sal vermoor.

Maar as ek in die geslote toe huis slaap - dan vrek ek van die hitte - geen twyfel nie.

(Skink maar baie eish, Elsa! – Hennie.)

Knoffelwalms in die klaskamer!

Kalfie Stander:

Moontlik kan jy 'n artikel oor nostalgie in *Kammanuus* inwerk. Die veld is wyd en kan inskakel by die stories oor treine in verlede week se nuusblad.

Ek was bevoorreg om laat in my lewe n stiefpa te hê wat n waardige ou heer was. Hy het by die draai van die vorige eeu op n plaas skooltjie skool gegaan.

Hy vertel hoe die kinders die alfabet destyds moes leer. Die rympie het as volg gegaan:

A - Abel B - Babel C - Cnoffel D - Doffel E - Edelman F - Fransman G - Gek H - Hoenderdief I - ijstermaker J - Jukkemaker K - Koekiebakker L - Lepelmaker M - Messemaker N - Neutekraker.

Dit is sover ek die rympie kan onthou. Miskien is daar 'n leser wat dit kan voltooi. (Let op na C en I.)

Ek kry die moderne jeug jammer want daar is soveel wat hulle nooit sal ken of ondervind nie. Hulle ken nie n griffel en n lei nie. Weet niks van 'n skuif' liniaal of 'n logboek nie. Weet nie dat daar 'n tyd was dat kinders met n sakkie knoffel om die nek moes skooltoe gaan nie.

(Dit was omtrent in 1947 en was 'n teenmiddel, ek dink dit was teen griep of een of ander pes. En die hele skool moes dit dra. Ek wonder soms hoe dit met saal opening moes gestink het. Geen kiem sou deur daardie walms kon kom nie.)

So kan 'n mens ad infinitum voortgaan, maar dit sal nie in almal se smaak val nie.

(Is daar lesers wat die rympie ken en kan aanvul? En is daar mense onder julle wat ook die knoffel om die nek moes dra? Watse nostalgie wil julle met ons deel? – Hennie.)

Seuntjie vra sy ma: "As binne egtelike kinders deur die ooievaar gebring word, waar kom buite egtelike kinders vandaan?" Ma: "Van rondlopervoëls."

Seuntjie aan pastoor: "My mammie sê saans my gebedjie op.

Pastoor: "Dis baie mooi van haar. Wat sê sy?"

Seuntjie: "Dankie, Vader, hy is in die bed."

Die dominee vra die seuntjie of hy elke aand sy gebedjie opsê.

"Ja, dominee," antwoord hy.

Dominee: "En bid jy ook in die oggend?"

"Nee, want ek is nie bang as die son skyn nie."

AGTEROS

"Wie ore het . . ."

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

**"Daai nag kom staan daare allerverskriklikste
donnerstorm op. Laat hierie enetjie, wat nou so
probeer lawaai, na sleepmis lyk, ou Swaerie."**

Sit ek, oorle oompie Doors en buurman Frik oppe dag daar by my oppie voorstoep. Man-man met 'n sondonnertjie innie hand. Frikman mette Skotse wyntjie, borrelwater en ys. Ekke mette 'n Wellingtontjie en Zero. Met ys. Oompie mette soetetjie daar uit Montagu se wêreld uit. Inne blikbeker. Sonner ys.

Weet Frikman te vertel lat hy va'mirrag net op een been gaan staan. Het glo vir Bedmaatjie gelaat verstaan hy's binne 10 minute terug.

Kyk ons manne so innie verte waare volbloed namaaksel vanne Karoo donnerweer tussenie wolke raas en blits. Paternoster se kant toe. Verlang ek mos sommer geboortegrond toe. Verlang Frik glattie. Skytbang vir swaar weer.

Loop slaatie weerlig een moerse hou soosie spulletjie oorle dorp kom skuif. Mis Frik opslag vier slukke Skotse kosbaarheid. Stort vyf slukke met drie stukke ys op KETOOLSIE uit. Verskuifie hond, mette bouse kyk in sy rigting, van lêplek.

Kry die ou sy asempie weer terug. "Nee, o goots Buurman, moet man dannie liewerster binnetoe versit ennie gordyne toetrek en lakens oorle spieëls loop staane gooi nie?!" protesteer die ou. Benoud verby.

Hou oompie Doors sy beker na my kant toe. Woordeloos, maarie doelloos nie. Gooi ek virrie ou nogge miskadêlletjie. Randvol gooi ek hom. Kry sommer so aanie Ou se sit en kyk die gevoelentheid van 'n wafferse storie wat hier aan't opkook is.

"Frikman", gooi die ou die storiebôl innie skrum in, "Frikman, maak jou stêre glyk mettie bank, lat jou knypers kan ontsan. Manne, lat die stukkie weer my nou opslag dink aan daai tyd wattie ienspêkter van Plaagbedoding mos daar by my oppie plaas kom aansluit – komplete soose kommetjiesgat muishond watter 'n span werfhoeners bekrui.

Boek vol wette en verordenansies – dikker asse Statebybel – onnerrie blad vasgeknypt, Kompôrtent issie 'n raak genoeg beskrywing vannie vent nie. Deuskant kompôrtent verby, sê ek julle."

Hou die ou weer die beker na my kant toe. Randvol beker gaat die ou voort. "Weet die klein bliksem vir my kom wysmaak lat my erfdeel oortrek is vannie onwettige bome, struike, litjieskaktus, boetebos en al watter ding is wattie regering staane kwel.

Gee die vreter van al wat krip is mos net daar oppie plek vir my 'n wetlike notisie van allie goed wat ek binne 14 dae moet óf loop staane uitroei óf anners geprosedeer te word. Kies kon ek glo kies, laatie mannetjie my verstaan maak. ReKent ek sal maar maak soos my Ingilse onnerwyser my jare toet gelede geleer het "Whatever you does, always keeps your kant clean, my boy!"

"So loop staane kap ek en my span sekelslaners dag vir dag al watter onkruid of vriendkruit is uit. Vel ons met bospik en boogsaag al watter vyandelikheid is neer. Brantie sweet later onse oë so lat ons sommer so toe-oog deurie slagveld sneuwel.

□ □ □

Dis lat ons oppie 13de dag teen skemeraand onse wapens neerlê en oorle slagveld staar, lat ek sien dat vir behalwe twee olienhoute, 'n wilger byrie leidam, twee sipresse by die kerkhof se hek ennie moerbeiboom neffensie agterdeur, daai plaas so kaal baklei is soosie land van Gat wat oorle Paulus in die Hebreërsbrief loop staane beskrywe het."

So, vertel Oompie, gee hy daai skemeraand aan sy spannetjie stormtroepe opdrag. Môre-oggend dag voor dubbreek fusileer hulle die morsige moerbeiboom teen eerste lig. Hoorie ou se vrou die opdrag. Loop staane steek sy viervoet vas. Moerbeiboompie val oor haar doolie liggaam.

Loop staan Oompie, volgens hom, generaal-orient voor haar en weet hy glo vir haar te vertel "Hierie issie die vrede van Vereeniging nie, Vrou. Môre-oggend val daai moerbeiboom oor jou doolie liggaam, maar val sal hy val!"

Vertel Oompie, "Manne, daai aand loop staane oorval 'n stilbestuiping daai wederhelfte van my. Lat toe ons uiteindelik onse lê loop kry, toe's die kloof tussen ons twee lankverhudes so wyd lat jy nie eens met 'n Mauserkoeël oor daai kloof sou kon loop staane skietie."

Vervattie ou. "Frikman, daai nag kom staan daare allerverskriklikste donnerstorm op. Laat hierie enetjie, wat nou so probeer lawaai, na sleepmis lyk ou Swaerie.

Loop slaan een van daai pers bliksemstrale met een hou daarie moerbeiboompie poer in sy moer in. Slat hy vir hom so hard lat vannie takke, bas en amper 4 pond groen moerbeie 6 myl verder op my buurman se grond loop staan en grondvat."

"Manne, na dáái nag het niemand in my huis ooit weer 'n inkilte besluit van my deurie twyfel geloop staane trekkie!"

Hou die ou die bekertjie weer na my kant toe. Sittie weer self 'n punt agter Oompie se laaste sin. Loop slaanie oermoeder van alle bliksemstrale die willevy innie hoek vannie erf lattie swaeldampe vannie hel self vir amper 'n uur oor die werf hang!

Vlieg buurman Frik uitie blokke uit weg. Skotsloos. Hoor ons hom by die tuinkekkie uithol mette "Ek kom Liefie, ek kom!"

(Dankie aan Cobus.)



MAKLIKE WISKUNDE

Is jou antwoord 5000?

Die regte antwoord is 4100.

Gebruik nou 'n sakrekenaar as jy ons nie glo nie!

BREINBOELIE SE ANTWOORD:

Om die minste koud te kry, moet jy aan die BINNEkant van die gebou staan. Lekker uitgevang, nè?

Ons het weer 'n maand met vyf Maandae, maar ons begroting laat net toe dat ons TWEE uitgawes per maand publiseer.

Jou volgende KAMMANUUS is dus eers oor drie weke, pleks van twee:

Op 24 Augustus, en dan op 7 en 21 September.